**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**AFRIKAANS ADDISONELE TAAL HG**
**(Tweede Vraestel: Letterkunde)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord ENIGE TWEE van die volgende afdelings.

**AFDELING A**
***KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

**BLADSY**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 1** 3

**AFDELING B**
**POËSIE**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 2 last grave at dimbaza** 7
**VRAAG 3 Hansie en Grietjie** en **? Algemene vraag** 9
**VRAAG 4 Begrafnis van ? ouma** 11

**AFDELING C**
***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 5 Algemene vraag** 12
**VRAAG 6 Die ooreenkoms** en **Rooikoos Willemse is soek** 16

**AFDELING D**
***GOOI HOM IN DIE SLOOT* – Roelf van Rensburg**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 7** 18

---

AFDELING A

**ROMAN: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

**VRAAG 1**

- Beantwoord AL die vrae.
- Begin ELKE STEL VRAE op ? NUWE bladsy.

**VRAE:**

- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

Lees die onderstaande AANHALINGS deur en beantwoord dan die vrae.

> "Jy was altyd eiewys en annerster."

1.1 Met wie word hier gepraat? (1)

1.2 Wat wil Saul eintlik by ou Maska leen? (1)

> "Hoor of baas Saul gehoor het?"

1.3 Watter nuus wou Maska aan Saul oordra? (1)

> "Tien ander is glo saam met hom deur die skerm."

1.4 Wie is die "hom" in die aanhaling? (1)

> "Ja. Baas Gert sê dis al man wat Jozef vertrou om hom te skiet."

1.5 "… dis al man …"
Na wie word hier verwys? (1)

> "Ouma sal dit van jou wil hoor."

1.6 Watter nuus wil Saul en Jozef aan hul ouma meedeel? (1)

> "… want ? meisiekind staan waar hy wil land en sy staar hom aan asof hy wonderbaarlik is."

1.7 Watter meisiekind staar Saul aan? (1)

> "Almal van ons hier in die Bos behoort aan die houtkopers op die dorp. Hulle word ryk en vet en woon in groot wit huise en kyk hoe lyk ons!"

1.8 Wie praat in hierdie aanhaling? (1)

1.9 Wat sê hy ook van die pad wat die houtkappers loop? (1)

> "Hy mag ons hout koop, maar ons is nie aan hom verkoop nie!"

1.10 Wie praat hier met Saul Barnard? (1)

1.11 Wat gebeur uiteindelik met hierdie persoon en waarmee het hy vir Saul Barnard gehelp? (2)

1.12 Voltooi: Hy trap 1.12.1______ wat 1.12.2______(tyd) dae later sy 1.12.3______ veroorsaak. (3)

> "Dan sal dit vir die res van my lewe wees. Maar die res van my lewe behoort nie aan jou nie, dit behoort aan my."

1.13 Met wie praat Saul in bogenoemde aanhaling? (1)

1.14 Wat doen Saul net hierna? (1)

1.15 Hoe lank het hy vir die houtkoper gewerk? (1)

> "Ons is houtkappers! Nie goudgrouers nie!"

1.16 Wie praat hier met Saul? (1)

1.17 Wat wil Saul graag hê moet sy mense doen? (1)
**[20]**

**EN**

1.18 Pas die beskrywing in **Kolom B** by die karakter in **Kolom A**.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 1.18.1 Osborne | A. Sy ma het vir Saul gordyne gemaak |
| 1.18.2 Crompton | B. Hy is die bestuurder van ? goudmaatskappy |
| 1.18.3 James Stewart<br>1.18.4 De Regné | C. Hy noem Saul ? spioen van die maatskappy<br>D. Sy maatskappy is amper bankrot |
| 1.18.5 Stopforth | E. Hy wou saam met Saul ? hotel begin |
| 1.18.6 Cairncross | F. Hy maak paaie vir die Goewerment |
| 1.18.7 Conway | G. Hy het eenkeer vir Saul tee gebring |
| 1.18.8 Barkley | H. Saul het hom deur Oupoot ontmoet |
| 1.18.9 Esau | I. Hy het mev. Stopforth se kas dooie, opgestopte voëls gedra |
| 1.18.10 Hans Oukas | J. ? Waardige man met ? apostelbaard |

(10)

**EN**

**DIE BLOUBOKKIE**

> "En die mooiste bokkie van almal: die bloubokkie van die onderbos."

1.19 Voltooi die paragraaf: Skryf net die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD neer.

Die Goewerment het gesê die houtkappers roei die 1.19.1______ uit. So klein en 1.19.2______ van voet dat jy selde sy 1.19.3______ kry. Afgeslag, het hy maar ? groot 1.19.4______se vleis en sy wip moet jy fyn stel; nie net vir die bloubokkie self nie, maar ook vir die 1.19.5______ Die man wat ? bloubokkie vang se 1.19.6______ sal afgevat word.

En die grootmense het jou nog ? ander ding van die bloubokkie geleer: hulle is anders as ander bokke in die Bos, omdat hulle 1.19.7 ______ in hulle 1.19.8______ sit. Daarom is hul naam ook 1.19.9 ______. En dit sou ? bloubokkie wees wat die eerste 1.19.10 ______ in Saul laat loskom het. (10)

**[20]**

**40÷2=[20]**

**EN**

**SAUL HET SES JAAR GEBLY EN GOUD UITGEWAS**

> "As ek vandag saam met jou omdraai, draai ek weg van die enigste genade wat daar vir my oorbly."

1.20 Wat was Saul se "enigste genade" wat in die aanhaling genoem word? (1)

1.21 Wie het vir Saul geleer om die goudpan net so goed soos hy te warrel? (1)

1.22 Aan wie het Saul later sy eerste goud verkoop? (1)

1.23 Hoeveel goud het Saul verkoop en hoeveel geld het hy ontvang? (2)
**[5]**

1.24 Pas die stellings in **KOLOM B** by die woorde / sinsdele in **KOLOM A**. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.24.1 | Gaan na Kaapstad | A. | Kate moes dit vyfhonderd keer uitskryf |
| 1.24.2 | Oupoot se spore was duideliker in die dryfsand ingetrap – lank rondstaan se spore | B. | Saul se naam onder die delwers |
| 1.24.3 | "Dat jy nie moet sê jy is Joram Barnard se seun nie." | C. | Sy eerste wegsteekplek vir sy goud |
| 1.24.4 | Saul se beste vriend | D. | Saul word baie siek |
| 1.24.5 | In die kwar | E. | Arend se taktiek |
| 1.24.6 | "All woodcutters are wild and dirty and so are their children" | F. | Peter Crompton |
| 1.24.7 | Die moeilike delwer van Meulbos | G. | So noem die meisies Saul op die dorp |
| 1.24.8 | Kate MacDonald kom vir die delwerkinders skoolhou | H. | ? Onverwagte passasier was die dag ook tussen die ander by Walker en Berg se winkel |
| 1.24.9 | Hy blaas op ? beeshoring en dit klink nes ? olifant – dit was nooit nodig om die delwers ? tweede keer te verwilder nie | I. | Kate word weggestuur en sal daar skoolgaan en verder leer |
| 1.24.10 | The handsome English Dutchman | J. | Joram Barnard sal sy liksens verloor |

**[10]**

1.25 Watter naam het Helen Cairncross se man Saul genoem? (1)

1.26 Wat het Saul se ma hom genoem volgens Joram Barnard? (1)

1.27 Tot watter belangrike besef het Maska gekom toe Saul hom gevra het of ? olifant ? sekere mens jare kan dophou? (1)

1.28 Hoekom sê Saul dat Oupoot die verkeerde broer gekies het? (1)

1.29 Saul sê vir Maska: "As Oupoot my dier-broer was, is jy my ______." (1)
**[5]**
**[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

**EN / OF**

AFDELING B
**POËSIE**

- Beantwoord AL die vrae in Afdeling B.
- Beantwoord elke GEDIG op ? NUWE bladsy.

**VRAAG 2**
**last grave at dimbaza – Fanie Olivier**

*"last grave at dimbaza"*

beauty douglas was born
op 'n wintersnag so all forlorn
omring deur die sterre se liggies
en koerante kaal klip
en nuuskierige hande
en tien ander gesiggies
a 'n dogter oplaas 'n dogter
om beeste te kry om die wêreld
te wei a dis lekker
om 'n vader te is te is

die ma het 'n briefie geskryf
aan haar man op die myne
om te sê van die kind en te vra van die geld
want dit was sy kind die dogter
was syne om te sê: o my man
o my man ek het beeste gebaar
op 'n wintersnag so all forlorn
met die sterre soos goud en die mielies klaar
beauty douglas your daughter was born

sy hart het oopgeskiet tussen lae klip
opgeskiet boontoe en oopgevou
in 'n laatnagbrief: my vrou
my vrou sê aan beauty douglas
haar pa het haar lief.

hy't sy brief gepos met sy viersentseël
'n lugposbrief aan beauty douglas
om te sê hy't haar lief
die adres was mnxesha
oor kingwilliamstown kaap

saans as hy sy moegheid streel
het hy gedroom van sy meisiekind
en op 'n sonskynmiddag twee maande later
het 'n brief uit mnxesha hom teruggevind:

"beauty douglas was born
she died"

**Fanie Olivier**

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die BLADSY.

2.1 Die nuus oor die geboorte van beauty douglas kom uit ______.

A. Kaapstad
B. Mnxesha
C. Kingwilliamstown
D. Dimbaza (1)

2.2 Watter tyd van die dag is die dogtertjie gebore? Gee EEN WOORD as antwoord. (1)

2.3 Watter materiële dinge sou die dogtertjie se geboorte eendag bydra tot haar gesin se rykdom? Haal EEN WOORD uit strofe 1 aan as bewys van jou antwoord. (1)

2.4 Watter emosie word weergegee in die woorde "a dis lekker om ? vader te is te is"?

A. Verbasing
B. Blydskap
C. Twyfel
D. Wantroue (1)

2.5 Die ma se brief aan die pa op die myne bevat belangrike inligting. Wat was die belangrikste boodskap wat die ma in haar eerste brief vir die pa wou gee? (1)

2.6 "koerante kaal klip" en "die mielies klaar" verwys na die gesin se ______.

A. armoede
B. geletterdheid
C. ploegmetodes
D. kliphuis (1)

2.7 Beauty Douglas is nog te klein om te kan lees. Deur wie word die pa se boodskap aan Beauty ontvang? (1)

2.8 Hoeveel geld moes die pa betaal om sy brief gepos te kry? (1)

2.9 Hoe lank na die dogtertjie se geboorte ontvang die pa sy tweede brief van die huis af? (1)

2.10 Hoe weet ons dat beauty douglas se pa die ma se tweede brief ontvang het? Gee ? GEDEELTE VAN ? SIN as antwoord. (1)

**[10]**

**EN**

**VRAAG 3**
**HANSIE EN GRIETJIE – E. Castelyn EN 'N ALGEMENE VRAAG**

***HANSIE EN GRIETJIE***

daar was eendag 'n woud
aan die kant van die son,
die maan is 'n flou olielamp,
saans brand honderde kersies,
die volgende môre word die kindertjies
afgelaai by die heksse huisie
hulle huil tot vanaand
na-vyf, na-werk kom die
stiefmammies en -pappies hulle haal
met 'n ysterswaan
die nuutste model blaas rook
en jaag oor riviere teer
tot by kelders parkering
dan word hulle opgehys
gebad en gevoer in 'n hok
moet hulle soet gaan slaap
eennag het hansie en grietjie
weggeloop, bo-oor die tralies geklim
en fyn en flenters geval
op die paadjies sement
ver van die huis af

**Eveleen Castelyn**

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die BLADSY.

3.1 Watter antwoord is NIE korrek NIE?
"aan die kant van die son" (versreël 2) impliseer die woud ______.

A. is koud
B. kry altyd son
C. is donker
D. kry min son (1)

3.2 Watter EEN woord sê dat die kinders ongelukkig is by die heks se huisie? (1)

3.3 Die kinders gaan nie vrywillig na die heks se huisie toe nie. Haal EEN woord aan as bewys. (1)

3.4 Hoe weet jy die ouers is altyd haastig? (1)

3.5 Watter reël wys op die lugbesoedeling as gevolg van motors se uitlaatgasse? (1)

3.6 Haal ? versreël aan wat wys op die beperkte ruimte waarin die kinders grootword. (1)

3.7 Hoe weet jy dat die kinders fisies versorg word? Gee TWEE woorde. (2)

3.8 Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE aan uit reëls 18 – 21 wat impliseer dat die stad ? koue, harde plek is. (1)

3.9 Watter antwoord is KORREK?
“fyn en flenters geval” impliseer

A. hulle is dood
B. hulle het hulself seergemaak
C. baie slegte dinge het met hulle gebeur
D. hulle het hulle arms en bene stukkend geval (1)

**[10]**

3.10 Pas die aanhaling in **KOLOM B** by die gedig in **KOLOM A**. Skryf net die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.10.1 Sproeireën | A. moet hulle soet gaan slaap |
| 3.10.2 Ek is oek important | B. waar ? vloed van sange was |
| 3.10.3 Die dans van die reën | C. maar hier moet jy jou nimmer laat bind |
| 3.10.4 Hansie en Grietjie | D. in die suiker van soet slaap |
| 3.10.5 last grave at dimbaza | E. dan kom ek en maak die wêreld weer skoon |
| 3.10.6 eksamen | F. jou waarheidstories was vergeet |
| 3.10.7 Melkkantien | G. dis lekker om ? vader te is, te is |
| 3.10.8 Voël | H. op haar voorkop is die vuurpluim van die berggier |
| 3.10.9 Sprokie vir ? stadskind | I. wat soek sy hier, so afgesloof en stroef |
| 3.10.10 Begrafnis van ? ouma | J. my nooi is in ? nartjie |

**[10]**
**[20]**

**EN**

## VRAAG 4
## BEGRAFNIS VAN 'N OUMA – L. SPIES

***BEGRAFNIS VAN 'N OUMA***

Vandag sal hulle jou weglê in die aarde
die groen heuwelland van die Noord-Vrystaat,
boervrou met breë, betroubare hande:
die klein swart skaar familie,
die agterkleinkind met sy blom,
die dominee en die gepaste teks.

Ek was jou eerste naamgenoot, jy het my liefgehad,
maar kleinkinders is tydeliker as kinders,
ontgroei hul eie molligheid en oumenshande
wat lateraan deug net vir 'n transistor op die skoot
terwyl die oë straat af speur na die posman
met sy brief van 'n onvervreemde.

Jy kon nog lees, toe het ek ophou skryf,
jou "waarheidstories" was vergeet,
en in my onbetreurde afwesigheid,
geliefde vreemdeling, bêre hulle jou vandag.

Longontsteking het jou agterhaal
voor 'n oop venster,
jy wat die seerkry van die hoes
kleintyd uit my bors kon vryf.

Ek onthou die kalfie voor jou koolstoof
en ruik kamferolie op die winterlug.

**Lina Spies**

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

4.1 Wanneer word die ouma begrawe? (1)

4.2 Watter WOORD in reël 1 dui aan dat die spreekster nie by die begrafnis gaan wees nie? (1)

4.3 Gee ? ander WOORD uit die gedig wat dieselfde beteken as **weglê**. (1)

4.4 Watter WOORD sê dat die spreekster en die ouma dieselfde name het? (1)

4.5 Watter WOORD in die gedig kan daarop dui dat die kleinkinders soos hulle groter word verder van hulle oumas leef? (1)

4.6 Wie van die ouma se naaste familie gaan haar begrafnis bywoon? (1)

4.7 Waarna het die ouma geluister as sy so alleen was? (1)

4.8 Waarom het die ouma altyd na die straat gekyk? (1)

4.9 Wat het die spreekster erken, het sy nie meer vir haar ouma gedoen nie? (1)

4.10 Watter WOORD in strofe 3 bewys dat die spreekster nie haar ouma se begrafnis bywoon nie? (1)

4.11 Watter TWEE WOORDE dui aan dat sy nog baie lief vir haar ouma is, alhoewel sy haar nie meer ken nie? (2)

4.12 Waaraan is die ouma oorlede? (1)

4.13 Hoe het sy hierdie siekte opgedoen? (1)

4.14 Hoekom is haar ouma se siekte so ironies? Verduidelik in jou eie woorde. (1)

4.15 Wat onthou die spreekster van haar ouma se kombuis? (1)

4.16 Watter reuk sal sy nooit vergeet nie? Gee slegs EEN WOORD. (1)

4.17 Vul die geslagte in soos dit op mekaar volg:

4.17.1 ouma
4.17.2 ________
4.17.3 ________
4.17.4 ________ (3)

**20÷2=[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [40]**

AFDELING C

**KORTVERHALE: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

- Beantwoord AL die vrae.
- Beantwoord ELKE STEL VRAE op ? NUWE bladsy.

**VRAAG 5**
**ALGEMENE VRAAG**

**VRAE:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Gee SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

5.1 Kyk na die opskrif / stelling en beantwoord die vrae.

**SUID-AFRIKA HET TE MIN MEDALJES IN DIE ATLETIEK TYDENS DIE OLIMPIESE SPELE GEKRY!**

5.1.1 Watter een van die verhale wat jy bestudeer het, handel oor atletiek? (1)

5.1.2 Noem die name van die twee seuns wat teen mekaar kompeteer. (2)

5.1.3 In watter twee items kompeteer hulle elke jaar teen mekaar? (2)
**[5]**

5.2 Kyk na die opskrif / stelling en beantwoord die vrae.

**DIE PAAIE VAN ONS LAND IS IN 'N VREESLIKE TOESTAND**

5.2.1 Watter een van die verhale wat jy bestudeer het, handel oor paaie? (1)

5.2.2 Die hoofkarakter in hierdie verhaal is baie positief teenoor sy werk. Wat se voordeel hou sy werk in volgens hom? Noem slegs EEN. (1)

5.2.3 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Die hoofkarakter het elke dag van sy huis af werk toe gery. (2)

5.2.4 Die hoofkarakter is ? tweede keer getroud. Wie is sy tweede vrou? (1)
**[5]**

5.3 Kyk na die opskrif / stelling en beantwoord die vrae.

**DIEREMISHANDELING VS DIERELIEFHEBBERS**

5.3.1 Watter een van die verhale wat jy bestudeer het, het met hierdie opskrif te doen? (1)

5.3.2 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Die broer het sy troeteldier mishandel. (2)

5.3.3 Hoe het die broer sy troeteldier in die hande gekry? (1)

5.3.4 Wat is die les wat ons uit hierdie verhaal leer? Gee slegs EEN sin. (1)
**[5]**

5.4 Kyk na die volgende prent en beantwoord die vrae.



5.4.1 Watter een van die verhale wat jy bestudeer het, sal hierdie prentjie verteenwoordig? (1)


5.4.2 Verduidelik in TWEE sinne hoekom jy bogenoemde antwoord gegee het. (2)

5.4.3 Teken die tabel in jou antwoordboek oor en beantwoord die vrae daarin.

| **Name van die hoofkarakters** | **Karaktereienskap van elke hoofkarakter** |
|---|---|
| Christien | (1) |
| Tonie | (1) |
| Jaco | (1) |

(3)
**[6]**

5.5 Kyk na die volgende prent en beantwoord die vrae.



5.5.1 Watter een van die verhale wat jy bestudeer het, sal hierdie prentjie verteenwoordig? (1)

5.5.2 Verduidelik in TWEE sinne hoekom jy bogenoemde antwoord gegee het. (2)

**[3]**

5.6 Pas die KARAKTER in **KOLOM A** by die BESKRYWING in **KOLOM B**. Skryf net die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 5.6.1 Barrydalers | A. Sy bekende woorde: "Toe maar wat, dis maar net sport." |
| 5.6.2 Jakob | B. skoonmaker |
| 5.6.3 Dollevaart | C. wewenaar |
| 5.6.4 Antjie | D. hings |
| 5.6.5 Vossie | E. storieverteller se dogter |
| 5.6.6 Jan | F. liewe goeie mense<br>G. twee keer getroud |
| | H. kelner |

**6÷2=[3]**

5.7 Pas die KORTVERHAAL in **KOLOM A** by die AANHALING in **KOLOM B**. Skryf net die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 5.7.1 Rooikoos Willemse is soek | A. My van is Gouws. |
| 5.7.2 Storm op die berg | B. "Laat hulle gaan doppies blaas. Die hele ou hollery kan gaan bars!" |
| 5.7.3 Die ooreenkoms | C. "Kry vir jou ? papegaai of iets wat by jou wil bly, dan sal jy beter voel." |
| 5.7.4 My broer se kraai | D. Die meeste van die stories hier is wáár. |
| 5.7.5 ? Man kom tuis | E. Hy voel asof hy ná ? lang worsteling ? voorheen onoorwonne bergspits bestyg het, hoog op die nuwe kruin staan, suiwer en skoon in die lig. |
| 5.7.6 Die wedloop | F. "As ? mens net kon weet wat anderkant wag." |

**6÷2=[3]**

**EN**

**VRAAG 6**
**DIE OOREENKOMS – Dalene Matthee EN**
**ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK – Abraham H. de Vries**

**VRAE**:

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Gee SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

> Hulle was soos twee broers wat mekaar eers teen die aand se kant leer ken het.

6.1 Lees bogenoemde aanhaling deur.

6.1.1 Gee die name van die twee "broers". (1)

6.1.2 Waar het die twee "broers" mekaar ontmoet? (1)

6.1.3 Hulle het gou geleer om sommige van die reëls van die Bestuur met ? bietjie insig te vertolk. Watter reël van die Bestuur het hulle gebuig? (1)

6.1.4 Watter tyd van die dag het hulle die reël gebuig? (1)

6.2
> Verveeld was hulle nooit; daar was baie om mekaar te vertel.

6.2.1 Wie het agter die toonbank van ? landboukoöperasie gewerk? (1)

6.2.2 Wie was ? treindrywer? (1)

6.2.3 Wat was die treindrywer se hoogtepunt in 1947? (1)

6.3
> En toe, na goed vyf jaar se saambly, gaan hulle die ooreenkoms aan.

6.3.1 Wat het gebeur dat hulle die ooreenkoms met mekaar aangegaan het? (1)

6.3.2 Wat was die ooreenkoms tussen die twee? (1)

6.3.3 Wie is eerste oorlede van die twee "broers"? (1)

6.3.4 Die broer wat nog gelewe het, was vreeslik bang vir spoke. Wat het hy gedoen om die spoke weg te hou? Noem slegs EEN feit. (1)

6.4 | Hy sluit die deur en haal die bottel uit die wegsteekplek. |

6.4.1 Waar het hy die bottel weggesteek? (1)

6.4.2 Is die volgende stelling WAAR/ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Toe die horlosie vyfuur slaan, het die prop maklik losgedraai. (2)

6.4.3 Die "broer" het ? teken gekry. Wat beteken hierdie teken nou eintlik? (1)
(15)

| Tussen die Swartberge en die see lê daar meer stories rond as klippe en bokspore. En die ergste is dat die meeste van die stories wáár is. |

6.5 Wie se swak puntjie was nuuskierigheid in **Rooikoos Willemse is soek**? (1)

6.6 | Hy was so ? goeie man as hy nugter was, maar nugter was hy bloedmin vóór daardie Saterdag waarop die storie begin. |

6.6.1 Watter TWEE spanne het daardie Saterdag teen mekaar rugby gespeel? (1)

6.6.2 Rooikoos het drie waardevolle besittings deur sy drinkery verloor. Noem slegs EEN. (1)

6.6.3 Waar het Rooikoos uiteindelik beland na die wedstryd? (1)

6.6.4 Watter WOORD uit die aanhaling (6.6) dui moontlik daarop dat Rooikoos nie meer gedrink het nie, of minder gedrink het na daardie Saterdag? (1)
(5)
**20÷2=[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [40]**

**EN / OF**

## AFDELING D

## ROMAN: *GOOI HOM IN DIE SLOOT* – Roelf van Rensburg

### VRAAG 7

- Beantwoord AL die vrae in die afdeling.
- Gee SLEGS die ANTWOORD.
- Begin ELKE STEL VRAE op ? NUWE bladsy.

### CASPER HEFER

> "Die verdekselse kleurbaadjie was lank nie by ? droogskoonmaker nie. Hy sal hom maar vanmiddag gaan inhandig; dalk sal hy môreoggend gereed en skoon wees."

**VRAE**:

- Gee SLEGS die ANTWOORDE.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

7.1 Lees die aanhaling hierbo en beantwoord die vrae.

7.1.1 Waarom kan Casper nie sommer net sy kleurbaadjie droogskoonmaker toe vat nie? Drie van die antwoorde voltooi die vraag korrek. Watter een is NIE KORREK NIE?

A. Dit gaan geld kos.
B. Hy wil nie afstand doen van sy geld vir hierdie doel nie.
C. Hy kan nie nou vir sy pa geld vra nie.
D. Hy het nie vervoer tot by die droogskoonmaker nie. (1)

7.1.2 Wat wou hy met die paar rand wat hy van sy sakgeld oorgehad het, doen? (1)

7.1.3 In wie se klas droom Casper so lekker en dink hy aan ander dinge? (1)

7.1.4 Watter vak bied die onderwyser aan? (1)

7.1.5 Een van die seuns probeer die onderwyser se aandag aftrek deur oor krieket te begin praat. Wie was dit? (1)

7.1.6 Op watter twee dae oefen hulle gewoonlik krieket? Kies die KORREKTE ANTWOORD.

A. Maandae en Dinsdae
B. Maandae en Woensdae
C. Maandae en Donderdae
D. Dinsdae en Donderdae (1)

7.1.7 Wie is die hoofsportonderwyser by die skool? (1)

**[7]**

7.2 "Dit was my plig, Meneer .... om dit op te tel. Ek het dit opgetel ... nie uit iemand se sak gehaal nie."

7.2.1 Watter leerling is hier aan die woord? (1)

7.2.2 Met wie praat hierdie leerling? (1)

7.2.3 Hoe het die leerling juis by hierdie onderwyser gekom? (1)

7.2.4 Wat het die leerling opgetel? (1)

7.2.5 Waar het hy dit opgetel? (1)

7.2.6 Waarvan word die seun beskuldig en aangekla? (1)
**[6]**

**PHILIP UYS SE AANBOD**

7.3 Voltooi die volgende paragraaf deur telkens ? gepaste antwoord in te vul. Gee slegs die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD.

Voltooi:

Philip Uys is getroud met 7.3.1______. Sy dogter Christa is nou 7.3.2______ jaar oud. Hulle seun 7.3.3 ______ gaan die aand saam met vriende 7.3.4 ______ toe. Hy is verlief op 7.3.5 ______. Hy ry met sy 7.3.6 ______ en vra vir sy pa petrolgeld. Die telefoon in die portaal lui en Philip staan op om dit te gaan beantwoord. Dit is 7.3.7 ______ ? oud-kollega en skoolmaat van Philip. Hy werk by die Onderwysdepartement se hoofkantoor in 7.3.8 ______. Hy sê vir Philip dat daar ? pos op Doringspruit/Wallmannstal oop is vir 7.3.9 ______ en dat hulle Philip oorweeg. **[9]**

7.4 Doringspruit/Wallmannstal is ? 7.4.1 (plattelandse / stedelike) pos wat mnr. Uys al vir 7.4.2 (vyf/tien) jaar graag wou hê. (2)

7.5 Hoe voel Philip se vrou oor die pos op Doringspruit/Wallmannstal en waarom voel sy so? (2)
**[4]**

7.6 Pas die stelling in **KOLOM A** by die naam in **KOLOM B**. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die KORREKTE LETTER neer, bv. 7.6.11 – K.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.6.1 | Soos ? dier, soos ? dier wat in die donker oorskietkos en krummels soek! Dis wat ek vandag is; nie ? man met waardigheid en ? siel nie. | A. | Philip Uys |
| 7.6.2 | Omdat Philip Uys weet jy is ? pakdonkie op wie almal en alles maar gelaai kan word. | B. | Daan Claasen |
| 7.6.3 | Kroondal se gees is reg, die dissipline is onbesproke en die eindeksamen van die afgelope vyf jaar is iets om op trots te voel. | C. | Wessel Lategan |
| 7.6.4 | Die geld was nie meer belangrik nie. Hy wou dit nie meer hê nie. Wat hy wel wou hê het hy toe gedoen. Hy het op die vloer gespoeg. | D. | Casper Hefer |
| 7.6.5 | Dit was my plig, Meneer ... om dit op te tel. Ek het dit opgetel ... . | E. | Louis Uys |
| 7.6.6 | Ek sal al hierdie dinge vergeet as jy my nie weer daaraan gaan herinner nie, Braam. | F. | Jan Uys |
| 7.6.7 | Julle is kop in een mus. Jy't my eers geleer om die goed te rook en nou skop jy my uit. | G. | Sersant Hamman |
| 7.6.8 | Meneer weet self Pa was nooit so nie. Hy het ons al gefoeter omdat ons vloek op straat, nou kan ons blykbaar mekaar se kele afsny – solank ons dit net nie op die skoolterrein doen nie. | H. | Monica Lategan |
| 7.6.9 | Dis net soos dokter Welthagen gesê het. Die aasvoëls wat gekom het om ons kinders se oë uit te pik. | I. | Madeline Mostert |
| 7.6.10 | Ek ondersteun maar net ons plaaslike hoërskool se bedrywighede. My oudste seun kom aanstaande jaar hierheen. | J. | Nora Mostert |

**[10]**

**DIE PARTYTJIE**

Jy's ? verraaier en ? spioen!" skree sy wild.

7.7 Lees die volgende aanhaling sorgvuldig deur en beantwoord die VRAE. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD neer.

7.7.1 Wie skree hierdie woorde? (1)

7.7.2 Vir wie word hierdie woorde geskree? (1)

7.7.3 Waar is hierdie persone toe die geskree plaasvind? (1)

7.8 Hoe verdedig Louis vir Madeline voor sy pa? Hy sê sy is ? ______.

A. goeie meisie
B. intelligente meisie
C. eensame meisie
D. verlore meisie (1)

**[4]**
**[40]**

**VANAF VRAAG 7.1 – 7.8 = 40÷2=[20]**

**PHILIP UYS SE HERINNERINGE**

> Philip Uys leun agteroor op sy stoel en haal diep asem. Dit was ? veeleisende dag en die sakie met Casper Hefer en die beursie was die spreekwoordelike laaste strooihalm. ... Gesigte, klanke – selfs reuke van dinge – en mense aan wie hy jare lank nie gedink het nie, kom uit die skaduwees te voorskyn en neem vorm aan.

7.9 Beantwoord die volgende vrae oor Philip Uys se kinderjare. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD neer.

7.9.1 Wat was die steenkooldorpie se naam waar Philip Uys en sy familie gebly het? (1)

7.9.2 Watter tipe werk het sy pa gedoen voordat hulle hierheen getrek het? (1)

7.9.3 Watter tipe werk doen sy pa nou? (1)

7.9.4 Voltooi: Sy pa het gevloek en geskree as hy te veel ______ het. (1)

7.9.5 Wat was Philip se pa se naam? (1)

7.9.6 Wie het altyd die vrede in die huis probeer bewaar? (1)

7.9.7 Vir die jong Philip het sy hele lewe uit drie basiese goed bestaan. Noem die DRIE basiese dinge waaruit sy lewe bestaan het. (3)

7.9.8 Hoe oud was Philip toe hy vir die eerste keer gewerk het? (1)

7.9.9 Watter tipe werk het die jong Philip gedoen? (1)

7.9.10 Vir wie het Philip gewerk? (1)

7.10 Hoe lank is Philip Uys al in die onderwys?

A. Dertig jaar
B. Vyf-en-twintig jaar
C. Twintig jaar
D. Vyftien jaar (1)

**[13]**

7.11 Drie van die antwoorde voltooi die volgende sin korrek. Watter antwoord is NIE korrek NIE? Madeline Mostert is lid van die Mari-klub en ______.

A. sy dink Casper is ? spioen en verraaier
B. Louis Uys, haar kêrel, weet dat sy aan die klub behoort
C. sy rook kwaai en is ? hardekop
D. sy was die vorige dag by Braam om daggasigarette by hom te probeer kry (1)

7.12 Drie van die stellings beantwoord die volgende vraag korrek. Watter stelling is NIE korrek NIE?

Monica is kwaad vir Wessel, want ______.

A. sy sê hy doen al Philip se donkiewerk
B. sy sê hy sê "Ja, goed" en "ek sal so maak oom Philip" op elke vraag van Philip
C. sy sê hy is die enigste een wat gevra word, want hy sê nooit nee vir werk nie
D. hy het haar verjaarsdag vergeet (1)

7.13 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Meneer Momberg se vrou het tien jaar op Doringspruit / Wallmannstal skoolgehou. (2)

7.14 Om watter DRIE REDES sal mnr. Uys moontlik in aanmerking geneem word vir die bevorderingspos? Drie van die volgende antwoorde is KORREK. Dui die DRIE KORREKTE antwoorde aan.

A. Die gees by die skool is reg.
B. Die skool se leerlinge doen nooit iets verkeerd nie.
C. Die skool se dissipline maak dit ? goeie skool.
D. Die laaste vyf jaar se matriekuitslae was baie goed. (3)

**[7]**

**[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING D: [40]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**